Kry skuld jou onder?

Tree nou op!

THE BANKING ASSOCIATION SOUTH AFRICA

NCR
National Credit Regulat

Debt Counsellors Association of South Africa
Member

1 Kan jy net-net jou skuld betaal?

Dit is nou die tyd om op jou bank te reken. Hoe gouer jy by hulle om hulp aanklop, hoe vinniger kan jy jou situasie verbeter. Hulle sal verskeie opsies oorweeg om jou by te staan sodat jy dit kan bekostig om al jou betalings op datum te hou. Om met jou bank te gesels is 'n belangrike stap om te verseker dat jou kredietrekord skoon bly.

2 Reeds agterstallig met jou betalings?

Indien jy reeds betalings oorslaan, maak dadelik werk daarvan om jou kredietrekord te herstel en regstappe te vermy. Jou bank sal jou omstandighede oorweeg en oplossings aanbeveel om jou terugbetalings volgens die Nasionale Kredietwet op datum te bring.

Skakel 086 111 6362 of SMS jou bank se naam na 32422 vir jou bank se kontakbesonderhede. Anders, besoek www.ncr.org.za/finhelp of finhelp.mobi

Normale oproepkostes geld en SMSs kos R 1-00.

3 Ontvang jy skuldberading en betaal jy aan 'n betalingsverspreidingsagent?

Maak seker jy het beskerming!
Wanneer laas het jy jou skuldberader besoek?

Dis tyd om weer op te volg en ondersoek in te stel. Maak seker jy het 'n skuldterugbetalingsplan waardeur jy jou skuld binne 'n redelike tyd kan vereffen om te verseker dat jy jou kredietwaardigheid kan herwin.

Onthou, jy moet voortgaan om jou maandelikse skuldhersieningsbetalings aan jou betalingsverspreidingsagent te maak, anders neem jy die risiko dat die skuldberadingsproses beëindig en regstappe teen jou ingestel kan word.

Kontak jou skuldberader of besoek www.ncr.org.za/finhelp of finhelp.mobi vir jou skuldberader se besonderhede.

Ontvang jy skuldberading en jy betaal nie?

Om nie te betaal nie, sal jou lewenslank benadeel en daartoe lei dat jou skuldberadingsreëlings beëindig word. Jy sal die beskerming van die Nasionale Kredietreguleerder en die Nasionale Kredietwet verloor en regstappe in die gesig staar. Jy sal jou huis, jou motor en elke bate wat jy besit, verloor.

Kontak jou skuldberader onmiddellik of besoek www.org.ncr.org/finhelp of finhelp.mobi